Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT AND EXAMINATIONS DIRECTORATE
Bundy Park, Private Bag 4571, King William's Town, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2015 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRIKAANS HUISTAAL

PAPER	3

DATE OF EXAMINATION:	19 NOVEMBER 2015	DURATION:	2½ HOURS

This section of the instrument is aimed at providing valuable feedback to schools, subject advisors, teachers and learners about common errors committed by candidates in the answering of questions, to assist teachers and subject advisors to identify areas that need to be given special attention in the teaching and learning of the subject in 2016.

Your responses will be based on two parts:

Section 1: General overview of Learner performance in the question paper as a whole

Section 2: Comment on candidates' performance on individual questions (Detailed explanations must be provided **per question** as follows: (You may include sub questions where necessary)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
(b) Why the question was poorly answered?
(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

AFDELING A: OPSTEL
Die meeste van die kandidate het die vraag goed beantwoord. Slegs enkele
kandidate het minder as 40% behaal. Daar was vanjaar minder kandidate as in die
verlede wat 80% en hoër punte behaal het. Die meeste kandidate wat 80% en hoër
behaal het, het by die vereiste lengte van die skryfstukke gehou. Enkele kandidate
het té kort of té lank geskryf. Die lengte van die opstelle was in baie gevalle meer
as 600 woorde of slegs 250 woorde. Daar was ‘n verskeidenheid onderwerpe en
die kandidate kon dus iets vind waarvoor hulle kon skryf. Sommige kandidate het
briljante opstelle geskryf en ander leerders het weer swak opstelle geskryf.
Die oorgrote meerderheid van die kandidate het die onderwerpe korrek geïnterpreteer
omdat die bewoording van die onderwerpe leerdervriendelik was en enige
onduidelikhede uitgeskakel is. Die meerderheid van die kandidate het ‘n
uitgebreide opstel aangebied en daar was min baie swak of verkeerde vertolking van die
onderwerpe. ‘n Positiewe punt is dat byna alle kandidate die skryfstuk eers beplan het
(breinkaart/diagram/kernwoorde/vloeidiagram) en dan die finale weergawe geskryf het.
Sommige van die kandidate wat die prosesbenadering (beplanning en redigering)
gevolg het, het vergeet om aan te dui watter stuk die finale skryfstuk was; dus was die
eerste stuk nagesien. Kandidate versuim nog steeds om ‘n titel by die visuele prikkels,
1.6.1-1.6.3, te verskaf.
AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE
Kandidate moes twee tekste in hierdie afdeling beantwoord. Sommige kandidate kon
nie beide tekste suksesvol aanbied nie, omdat die tyd heel moontlik te kort was. Dus
het sommige kandidate net een teks aangebied óf ‘n heelwat korter teks (100-120
woorde). Die response het gewissel van uitsonderlike tot baie swak tekste. Die oorgrote
meerderheid kandidate het goed gevaar in die vriendskaplike brief en die huldeblyk.
‘n Moontlike rede is omdat die tekste binne die leefwêreld van die kandidate is.
Kandidate wat die formele brief gekies het, het gesukkel met die formaat en in baie
gevalle was die onderwerp nie uitgebrei nie en daar is op onbenullige idees gefokus.
Selfs die sterker kandidate wat die formele brief gekies het en met ‘n uitsonderlike

inhoud vorendag gekom het, het meestal formaatfoute begaan.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
VRAAG 1 - OPSTEL 1.1 Hierdie vraag was gewild en ongeveer 27% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die gemiddelde tot sterker kandidate het hier baie goeie punte behaal. Briljante opstelle het vorendag gekom wat uiters kreatief en volwasse insig getoon het. Selfs die swakker kandidate het by 'n geslaagde opstel uitgekom. Die onderwerp was soms nie genoeg uitgebrei nie en dieselfde idees is bloot herhaal, wat tot swakker punte gelei het.
1.2 Hierdie onderwerp was baie gewild en ongeveer 32% van die kandidate her hieroor geskryf. Veral die swakker kandidaat het aanklank by die onderwerp gevind, omdat dit by hul ervaringswêreld pas en hulle nie daaroor hoef te bepeins nie. Hulle kon goed uitbrei oor die onderwerp en het 'n slaagpunt behaal. Gemiddelde tot uitsonderlike opstelle oor hierdie onderwerp het vorendag gekom.
1.3 Ongeveer 29% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die response het gewissel van swak tot uitsonderlike inhoud. Die swak en gemiddelde kandidate het op die onderwerp gefokus, maar die uitbreiding van hul idees was beperk en herhalend. Hulle taalvermoë was uiters swak en byna onverstaanbaar. By die sterker kandidate het die fokus geval op die belangrikheid van lees en die voordele daaraan verbonde. Volwasse en interessante idees het voorgekom.
1.4 Hierdie opstel is nie deur baie kandidate beantwoord nie. Dit was werlik 'n uitdaging en baie min kandidate het hiervoor kans gesien. Selfs die sterker, kreatiewe kandidate het nie kans gesien om hierdie onderwerp aan te pak nie. 'n Paar swak en gemiddelde kandidate het 'n verhalende opstel aangebied en het gesukkel om 50% te behaal, weens herhalende idees en beperkte inhoud. Die sterker kandidate het 'n gewone verhalende opstel aangebied wat uiters geslaagd was. Die swakker kandidate het bespiegelend probeer skryf eerder as verhalend of beskrywend.

spreek. Hulle het gesukkel om 50% te behaal aangesien die inhoud beperk was en herhalende idees voorgekom het.

1.5 Naas 1.6.2 en 1.6.3 was hierdie onderwerp die gewildste en 33% van die kandidate het oor hierdie onderwerp geskryf. Die gemiddelde en swakker kandidate het die onderwerp aangespreek, maar hulle kon nie by die verandering uitkom nie óf slegs in die slotparagraaf word die verandering net genoem. Die kandidate wat hier uitsonderlike punte behaal het, het progressief die inhoud uitgebrei asook die verandering in detail beskryf.

1.6. Die visuele prikkels het die kandidate weereens die kans gebied om enige tipe opstel oor die prikkel te skryf. Baie min kandidate het 1.6.1 gekies en gemiddelde tot baie swak opstelle het voorgekom. Dit het voorgekom asof die sterker kandidate opstelle vooraf voorberei het en die inhoud ingedwing het om by die onderwerp te pas. Die prikkel 1.6.2 was gewild en 33% van die kandidate het oor hierdie onderwerp geskryf. Die kandidate kon op enige deel van die prikkel fokus en gemiddelde tot briljante opstelle het voorgekom. Opstel 1.6.3 is deur ongeveer 33% van die kandidate gekies. Die oorgrote meerderheid van die kandidate het die opstel figuurlik aangebied en selfs die swakker kandidate het hierin geslaag deur die trappe van hul skoolloopbaan te beskryf of die trappe na sukses.
sukses.

VRAAG 2 - TRANSAKSIONELE TEKSTE

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Hierdie onderwerp was die gewildste en uitsonderlike tot goeie punte is deur die kandidate behaal. Veral die swakker kandidate het die onderwerp eensydig aangebied en herhaaldelik die ouma/oupa gerus gestel en nie uitgekom by hul studierigting nie. Die sterker kandidate het die gerusstelling effektief aangespreek met uitgebreide, volwasse idees oor hul studierigting en die voordele daaraan verbonde uitstekend uitgebrei. Nalatige formaatfoute en swak taalgebruik het veral die swakker en gemiddelde kandidate benadeel.

2.2 HULDEBLYK

Naas die vriendskaplike brief was die huldeblyk oor die troeteldier baie gewild. Die kandidate het gemiddeld tot uitsonderlike punte behaal, aangesien daar nie 'n vast

formaat is nie en die kandidate het nie van die onderwerp afgewyk nie. Sommige kandidate het volpunte hier behaal aangesien hulle presies op die onderwerp gefokus het en die idees goed uitgebreid was.

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Ongeveer 18% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die swakker en gemiddelde kandidate het in die meeste gevalle net op die voordele van sosiale media gefokus en geen of slegs een of twee nadele genoem. Hierdie kandidate het nie goeie punte behaal nie omdat hulle taalgebruik gebrekkig is en die idees nie uitgebrei nie. Die kandidaat wat goed uitgebrei het oor die voor- en nadele van sosiale media en die tydskrifartikel in kolomvorm aangebied het, het uitsonderlike punte behaal.

2.4 DIALOOG

Die swakker en gemiddelde kandidate het die dialoog gekies omdat hulle vertroud is met die formaat. Hierdie kandidate het swak punte behaal aangesien hulle nie die idioom (die vere maak nie die voël nie) verstaan het nie en nie hul maat van hul standpunt kon oortuig nie. Die dialoog was in sommige gevalle aanvallend en beledigend en kru-taal het voorgekom. Die sterker kandidate wat hierdie skryfstuk gekies het, het selde 80% behaal.

2.5 AGENDA EN NOTULE

Bittermin kandidate het hierdie skryfstuk gekies, ongeveer 3%. Die swak kandidaat het die onderwerp misgetas en ‘n advertensie aangebied, terwyl die gemiddelde kandidaat slegs op die agenda gefokus het óf die twee onsamehangend met baie leemtes aangebied het. Hierdie groep kandidate het geen idee van die formaat van die teks nie en het soms onvanpaste opskrifte geskryf of die lengte was veels te kort. Die sterker kandidate het die formaat akkuraat toegepas met uitgebreide idees en het vol punte gekry.

2.6 FORMELE BRIEF

Hierdie skryfstuk is deur 12% van die kandidate aangebied en gemiddelde tot uitsonderlike punte is hier behaal. Die meeste kandidate is nie bekend met die formaat van die formele brief nie en selfs die sterker kandidate maak nalatige foute. Die gemiddelde en swakker kandidaat het die onderwerp verkeerd geïnterpreer en hul inhoud was beperk, aangesien hulle net op die gelukwensing gefokus het en nie skoolhoof se besondere kwaliteite beskryf nie. Die sterker kandidaat se inhoud was geslaagd, maar as gevolg van formaatfoute het byna geen kandidaat volpunte behaal nie.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

VRAAG 1

Sommige kandidate vertolk de onderwerp verkeerd. Hulle het beperkte idees oor die onderwerp of brei die idees nie genoegsaam uit nie. Baie kandidate se inhoud fokus op die onderwerp, maar hulle taal laat hulle in die steek, Kandidate herhaal dieselfde gedagtes en wyk van die onderwerp af. Sommige kandidate skryf bespiegelend eerder as verhalend of beskrywend . Sommige kandidate sukkel baie en dis duidelik dat hulle by Eerste Addisionele taal hoort. Die lengte van die opstel was ‘n groot probleem. Soms was die opstel veels te lank óf te kort en die kandidate het onnodige punte verloor. Soms was net ‘n gedeelte van die onderwerp beantwoord, bv. die verandering is nie by Oukersaand genoem nie. Daar is soms ook nie genoeg idees uitgebrei nie en dieselfde gedagtes is bloot herhaal. Sommige kandidate se leesvermoë is uiters swak en in baie gevalle onverstaanbaar. Onleesbare handskrif en gebrekkige paragrafering bly steeds ‘n probleem.

VRAAG 2

Kandidate se woordeskat is eng en hulle gebruik onvanpaste taal wat die betekenis van die teks belemmer. Formaatfoute kelder die meeste kandidate se punte Sommige kandidate kies tekste en het geen idee van die formaat nie. Die kandidate het ‘n idee van ‘n vriendskaplike brief, maar begaan nalatige foute, soos om die datum by die adres weg te laat. By die formele brief het die meeste kandidate ‘n vae idee van die formaat, maar hulle gebruik nie die gepaste styl, toon en register nie. Selfs die sterker kandidate spreek die skoolhoof as jy aan. Kandidate skryf selfs die woorde wat meer inligting oor die dialoog gee, foutief uit die vraestel. Kandidate ontleed nie die opdrag korrek nie en fokus net op die voordele van sosiale media.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die titel in die eerste en laaste paragraaf noem. Wissel die lengte van die paragrawe en sinne. Korter sinne is soms baie effektief. Streektaal is ‘n probleem bv. **vergeert** in plaas van **vergeet**. Waak teen die gebruik van oorloopsinne. Onderrig die korrekte gebruik van leestekens soos die dubbelpunt en die kommapunt. Die direkte rede is slegs effektief as dit korrek en in konteks gebruik word. Kandidate moet hul skryfstukke beter beplan, aangesien dit help met die lengte, herhaling en onnodige

foute. Leerlinge moet die basiese struktuur van ‘n opstel geleer word: kort inleiding, liggam en kort slot. Die titel moet in gedagte gehou word en die fokus moet deurgaans behou word. Kandidate moet binne die vereiste lengte van die skryfstukke bly. Figuurlike taal, woordeskat en korrekte gebruik van idiome in konteks, moet meer aandag geniet. Kandidate moet hule taalkennis in hierdie vraestel toepas, bv. direkte rede, onkennende vorm , lettergreepverdeling, ensovoorts. Moedig kandidate aan om leesbaar te skryf en nie slegs in hoofletters nie. Geen afkortings moet gebruik word nie. Volsinne is absoluut noodsaaklik by hierdie vraestel. Verskillende sinstipes en een reël paragrawe is slegs effektief as dit in konteks gebruik word. Eenvoudige taal dra soms die inhoud baie beter oor as hoogdrawende taal. Hou die inhoud asseblief keurig – bly weg van veral blatante seksuele verwysings. Brei die kandidate se woordeskat uit deur woorde of frases aan hulle te gee wat hulle daagliks in die klas kan gebruik. Leer kandidate dat die wenke wat in die vraestel gegee word, nie net genoem moet word by die transaksionele tekste nie. Sodanige wenke moet uitgebrei word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Kandidate benut nie die antwoordboek voldoende nie. Hulle begin nie elke vraag op ‘n nuwe bladsy nie en dit bemoeilik die nasien van die skryfstuk. Kandidate moet duidelik aandui: beplanning en finaal, of ‘n streep deur die beplanning trek. Die swakker kandidate moet geleer word om nie beredenerende of bespiegelende opstelle te skryf nie. Indien kandidate dialoog in die opstel wil gebruik, moet hy/sy weet om die paragraafbou daarby aan te pas. Leer kandidate om nie Engelse woorde soos **“awesome”** te gebruik nie. Leer die kandidate om Afrikaanse alternatiewe te gebruik, bv. **oukei** i.p.v. **Ok**. Woordorde moet baie aandag geniet: tyd, wyse en plek. Kandidate moet aan verskillende tekste in Afdeling B blootgestel word (sien KABV dokument) en die formaat daarvan moet deurlopend ingeoefen word. Kandidate gebruik die betreklike voornaamwoord baie swak, bv. **“wat van” (waarvan), “met dit” (daarmee)**, ens. Oefen die basiese skryfbeginsels in: ‘n sin begin met ‘n hoofletter en eindig met ‘n punt. ‘n Geslaagde opstel bevat ‘n verskeidenheid leestekens en afwisseling van sinne. Kandidate móét hul eie titel by die visuele prikkels verskaf.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Gee aandag aan die gebruik van die direkte rede in die opstel. Dit is nie ‘n dialoog

nie. Die swakker kandidate moet ontmoedig word om die dialoog in die opstel te gebruik. Vermy anglisismes, bv. **"al jou harde werk het nou af betaal", "som van die matrikulante."** Leerders moet bewus gemaak word dat daar nie 'n komma na 'n infinitief kom nie. 'n Komma word nie voor **"en"** gebruik nie, ook nie voor **"omdat"** nie. Dit is kommerwekkend dat huistaalleerders woorde verkeerd in lettergrepe verdeel, bv. "hard – we - rkend". Woorde soos **"daai", "als", pêlle"**, veraltyd, moet nie gebruik word nie. SMS-taal moet vermy word, bv. **"male" (ma-hulle), "ma" (maar).** Lomp sinne moet vermy word, bv. **"Moorde volg hier deur die feit dat tieners vir vreemdelinge sê waar hulle woon."** Foutiewe voorsetselgebruik kom tot vervelens toe voor. Die anglisistiese weglating van die lidwoord kom voortdurend voor, bv. **"Meeste mense hou van sosiale media."** Volsinne moet in vraestel 3 gebruik word; telegramstyl is taboe. Kandidate moenie kru-taal gebruik nie. Hulle moenie opstelle uit hul kop leer nie – hulle weet nie hoe om dit aan te pas by die onderwerpe nie. Werkswinkels in vraestel 3 is absoluut noodsaaklik, veral vir die taalonderwyser wat nie matrieknasieners is nie (graad 10 en 11 ingesluit). Die vakadviseur moet kundiges nader om ook kleiner werkswinkels in verskillende klusters aan te bied. Onderwysers moet alreeds in die laerskool skryfvaardighede, volgens die KABV riglyne, inoefen. Nie-moedertaalsprekers moet Afrikaans as Eerste Addisionele taal neem; dit strem hulle respons in die skryfvraestel. Stelwerk moet onderrig word en voorbeelde van goeie en swak tekste moet aan kandidate voorgelees/gegee word.

NAME OF THE CHIEF MARKER:	**SIGNATURE**	**DATE**